

# Die Belangrikste Besluit Van Jou Lewe!

Meeste besluite in die lewe maak saak. Daar is egter net een wat die meeste saak maak. Begin hier as jy op soek is na 'n eenvoudige gids om hierdie merkwaardige besluit - God se gratis geskenk van redding - beter te verstaan. Oorgeneem uit die boek: “Out of this World; A Christian’s Guide to Growth and Purpose” deur David J. Swandt.

Copyright © 2013 David J. Swandt. All Rights Reserved.

Published under license agreement by Twenty20 Faith, Inc. (USA). Not intended for resale. For more information visit:

www.twenty20faith.org

## "Moet God jou in die hemel toelaat?"

Verbeel jou net vir 'n oomblik dat jou tyd op aarde onverwags tot 'n einde gekom het. Met verwondering bevind jy jouself voor jou Skepper. Jou verwardheid en verwondering verander na verwagting en opgewondenheid om jou ewige tuiste te sien, maar jy word gestop voor jy kan ingaan. God vra hierdie diepgaande vraag: "Hoekom moet Ek jou in die hemel toelaat?"

Hoe sal jy reageer?

Gelukkig sal God ons nie vra om eers 'n toets te slaag voor ons ingaan as daardie wonderlike dag vir ons aanbreek nie. Tog word 'n belangrike, diepdenkende prentjie geskilder wat bedoel is om ons te help om ons redding beter te verstaan.

Party mense sal God se vraag beantwoord deur te verwys na al die goeie dinge wat hulle gedoen het. Ander sal verduidelik hoe getrou hulle kerk toe gegaan het, en nog 'n groep sal 'n lysie

maak van al die verkeerde dinge wat hulle in hul lewe vermy het. Hierdie dinge is almal belangrike aspekte van 'n Christen se lewe, maar dit is geen waarborg vir redding nie. Daar is net een regte antwoord op hierdie vraag:

"Ek het Jesus Christus die Here van my lewe gemaak en Hy het al my sonde weggeneem."

## **"God het jou Geskep met die Ewigheid op Sy Gedagte"**

Toe God ons geskape het, het Hy meer as 'n 70- of 80-jaar plan vir ons bestaan gehad. Hy het 'n spesifieke doel vir ons elkeen se lewe. Sy doel sluit ons aardse sowel as ons hemelse (ewige) lewe in. Jakobus 4:14 beskryf die verskil tussen hierdie twee aspekte van ons bestaan so:

"Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn." **Jakobus 4:14**

Jy het seker al dié spreekwoord gehoor: "Die lewe is kort." In vergelyking met die ewigheid, is dit! Die Bybel sê in **Hebreërs 9:27:**

" 'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel."

Almal is onderworpe aan 'n fisiese dood. Fisiese dood is egter net die beëindiging van ons fisiese liggaam, en nie ons siel nie. Ons siel, of ons bewuste bestaan in ons liggaam, is ewig. Ons siel sal die ewigheid op een van twee plekke deurbring na ons fisiese dood: Die hemel of die hel.

Die hemel is die ewige paradys waar God woon.

Die hel is totale verwydering van God.

Ons natuurlike geboorte op aarde was nie net die begin van ons tydelike, fisiese lewe op die aarde nie, maar ook ons geestelike lewe hier en verder, vir ewig. Met die ewigheid in gedagte, kan ons aardse lewe onbelangrik lyk, maar dit is nie waar nie. Jou ewige bestemming word egter bepaal deur die besluite wat jy tydens jou tyd op aarde maak; en die belangrikste een is die besluit om Jesus Christus Here van jou lewe te maak. Redding is vir almal beskikbaar, deur Jesus Christus, en net deur Hom kan ons ons bestemming verander van 'n ewigheid sonder God tot 'n ewigheid met God in die hemel.

Jesus het in **Johannes 14:6** gesê:

"Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."

Die besluite wat ons hier op aarde maak is ook vir ander redes belangrik. Die manier waarop ons as gelowiges lewe, kan 'n invloed hê op die ewige bestemming van ander wat nog nie Jesus Christus as hulle Redder ken nie. Die mense rondom ons hou ons elke dag dop om te sien watter voorbeeld ons vir Christus uitleef. God gebruik elkeen van ons as Christene om die mense rondom ons, wat Hom nog nie ken nie, van die hemel te vertel.

In **Matteus 5:14-16** het Jesus gesê:

"Julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

## "Ons het almal 'n Redder nodig"

Toe God Adam en Eva geskape het, het Hy hulle sonder sonde en in volmaakte verhouding met Hom gemaak. Toe hulle God se bevel in Genesis 3 verontagsaam, het hulle sonde in hul lewens ingebring en ook vir die hele mensdom.

**Romeine 3:23** beskryf die verreikende impak van Adam en Eva se besluit. "... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."

Niemand is vrygestel van die sonde en die gevolg daarvan nie; elkeen van ons is skuldig. As gevolg daarvan word ons almal van God geskei. Ons sonde lei ook tot 'n ewige nagevolg.

"Want die loon van die sonde is die dood."
**Romeine 6: 23a**

As gevolg van Adam en Eva se besluit om God te verloën, het die dood vir hulle

en hul nageslag (die mensdom) onontkombaar geword; fisies sowel as geestelik. Na hulle mislukking was God gekonfronteer met 'n besluit: om die sonde toe te laat om sy gang met die mensdom te gaan, wat sou lei tot die uitwissing van die mensdom of om 'n manier te bied om die mensdom van die sonde te red. Gelukkig het God 'n manier van verlossing deur Sy Seun voorsien: die uiterlike vertoon van Sy liefde en genade.

"Want God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige Lewe sal hê." **Johannes 3:16**

"... die gawe van God is die Ewige Lewe deur Jesus Christus ons Here." **Romeine 6: 23b**

Afgesien van Jesus Christus, is die mensdom bestem vir die fisiese sowel as die geestelike dood; daar is geen uitsonderings nie. Vir dié van ons wat in Christus is, wag die fisiese dood nog steeds, maar nie die geestelike dood (die hel) nie. Die Ewige Lewe in die Hemel wag

vir ons nadat ons hierdie aarde verlaat het. Deur die volmaakte offer van Jesus Christus en Sy opstanding uit die dood, ontsnap ons die geestelike straf van die sonde!

## "Redding: God se Aandeel en Jou Aandeel"

Jou redding bring twee belangrike besluite bymekaar uit. Die eerste besluit is die een wat God lank gelede gedoen het, toe Hy Sy Seun aarde toe gestuur het om ons enigste Redder te wees. Die tweede besluit is wanneer jy Sy Seun as JOU Redder aanvaar.

"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God." **Efesiërs 2:8-9**

GENADE word verduidelik as onverdiende guns. Genade is God se aandeel in ons redding, en Hy gee Sy guns aan die mensdom in die vorm van die perfekte geskenk, Jesus Christus. Deur middel van die kruis het Jesus die volle prys betaal vir ons sondestraf. En deur Jesus, die verpersoonliking van die genade van God, hoef ons geen goeie werke te doen om daarvoor te betaal nie. Ons kan nie ons redding verdien nie; dit is 'n gratis

geskenk wat tot almal se beskikking is, wat geen betaling van ons kant af vereis nie.

GELOOF word verduidelik as die bewys dat iets bestaan, al kan ons dit nie sien of daaraan raak nie. Geloof is nodig vir ons aandeel in ons redding, en deur geloof, as 'n wilsbeslut, kies ons om ons lewens aan God oor te gee, deur Jesus die Here van ons lewe te maak. As jy God se genade deur geloof in Jesus Christus ontvang het, is jy ongetwyfeld bestem vir 'n ewigheid saam met God in die hemel. Jy kan 100% seker wees van daardie feit!

Goeie werke kan nie ons redding koop nie, maar dit speel 'n belangrike rol in ons Christelike lewe nadat ons besluit het om Jesus te aanvaar.

"In Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het." **Efesiërs 2:10**

God het 'n spesifieke doel vir elkeen van ons lewens, en die besonderhede is 'n saak tussen jou en Hom. God het egter

ook 'n algemene doel vir al Sy kinders, en dit is om ons geloof in werking te stel deur goeie werke te doen. As ons dit doen vervul ons 'n belangrike deel van God se plan vir ons lewens, en ons het die voorreg om Sy liefde aan ander uit te straal. Ons redding is beide 'n nuwe begin en 'n einde, en dis 'n goeie rede om fees te vier. Jy is 'n nuwe skepsel wat vir ewig verander is!

## "Die Doop van die Gelowige: 'n Openbare Verklaring van 'n Veranderde Lewe"

Die doop van die gelowige, is 'n belangrike manier om jou verlossing openlik te verklaar. Die doop vier die einde van 'n ou manier van lewe en die begin van 'n nuwe een. Jesus het die belangrikheid van die doop aan Sy dissipels verduidelik, net voor Hy opgevaar het na die hemel, net na Sy opstanding.

Hy het gesê: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." **Matteus 28:19**

Regdeur die Nuwe Testament is daar talle stories oor gelowiges wat gedoop word. Die doop is 'n betekenisvolle simboliek vir beide die dopeling en dié wat dit aanskou. Die doop wys openlik die einde van jou vorige leefwyse, deur onder die water in te gaan en dan die begin van jou nuwe lewe in Christus deur uit die

water uit te kom, skoon gewas en 'n nuwe skepsel in God.

**Lukas 3:3** hou die doop voor as 'n "doop van bekering" en beklemtoon die belangrikheid van 'n openbare verklaring dat ons weggedraai het van ons ou lewe en sonde. Die doop red ons nie en bedek ook nie ons sonde nie, maar dit verteenwoordig 'n kritiese deel van ons Christelike lewe - 'n verklaring dat jy 'n nuwe skepsel is en 'n nuwe lewe het! As daar ooit iemand was wat nie hierdie verklaring moes doen nie, was dit Jesus, wat 'n sondelose lewe op aarde gelewe het.

Maar **Lukas 3:21** sê: "Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop."

Jesus is gedoop sodat ons Sy voorbeeld kan volg. Die belangrikheid van die doop kan nie oordryf word nie. As jy nog nie gedoop is nie, behoort jy dit 'n prioriteit te maak. Die Bybel beveel ons om 'n openbare verklaring van ons redding te maak. Die meeste Bybelgebaseerde kerke bied baie geleenthede om gedoop te word. Om Jesus se voorbeeld te volg is altyd 'n

goeie idee. God sal jou ryklik seën en jou beloon vir jou getrouheid en gehoorsaamheid aan Hom!

## “'n Slotoorweging”

As jy nog nooit vir Jesus in jou lewe genooi het nie, of as jy dit al gedoen het, maar nie meer vir Hom lewe nie, kan jy jouself VANDAG opnuut aan Hom toewy, deur 'n maklike gebed uit die opregtheid van jou hart te bid. Dit mag dalk so klink:

“Jesus, ek weet dat ek 'n sondaar is en dat net U my kan vrymaak van my sondestraf. Ek vra U om in my lewe te kom en my skoon te was van al my sonde. Help my om elke dag, in elke aspek van my lewe, vir U te lewe. Dankie dat U in my lewe inkom en my vry maak!”

As jy die gebed opreg gebid het, en glo dat Jesus sal doen wat Hy gesê het Hy sal doen, het jy nou net redding ontvang en jou ewige bestemming verander om vir ewig by Hom te wees!

As jy besluit het om Christus te volg, wil ons graag van jou hoor en vir jou nog

oordenkings in die Bybel Toep gee om jou op jou nuwe reis te help. Klik op die skakel hier onder:

**EK HET BESLUIT OM JESUS TE VOLG!**